Voorgestelde Persvrystelling

Jou organisasie se logo hier.

Jy kan jou organisasie se kontakinligting hier insluit.

Kontak: Naam
Posisie
Tel: XXX-XXXX
E-pos: jounaam@jouorganisasie.org
Webwerf: www.jouorganisasie.org

Hier kan jy die 16 Dae logo insluit, beskikbaar in 50 tale: http://16dayscwgl.rutgers.edu/2014-campaign/16-days-logos

VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING

<AANDAGTREKKENDE TITEL>

Nota: 'n Persvrystelling gaan oor 'n spesifieke program, geleentheid of saak. Dit beantwoord die vrae: "Wie, Wat, Waar, Wanneer,Hoekom en Hoe?" Dit is een bladsy lank, geskryf in duidelike en saaklike sinne.

<Plek> <Datum> - Wie? Wat? Wanneer? Waar? Hoekom?
Noem watter geleentheid gaan plaasvind, die organisasie wat die geleentheid hou, en hoekom die geleentheid belangrik is. Sluit enige 'aandagtrekkende' inligting hier in, soos statistieke, en hoekom die initiatief belangrik of relevant is. Hou inligting kort, maar interessant.

<Jou Organisasie>
Verskaf agtergrond oor jou organisasie en die initiatief; noem belangrike datums, mense, temas ens. Beskryf kortliks jou organisasie en enige ander groepe wat die initiatief aanbied. Sluit 'n aanhaling in van iemand wat deel is van jou organisasie, die gemeenskap of iemand wat baat gevind het by die Veldtog.

- Jy kan inligting uit die 2014 Tema Aankondiging insluit, beskikbaar by: http://16dayscwgl.rutgers.edu/2014-campaign/2014-theme-announcement.

<Doel?>
Verduidelik die doel van die geleentheid. Noem enige beplande of opkomende aktiwiteite. Noem enige werkvennootskappe met ander organisasies. Bespreek enige ander verwikkelinge met betrekking tot die geleentheid. Verbind die geleentheid, indien moontlik, met ander sake wat tans relevant is.

- Meer inligting oor die 16 Dae Veldtog is beskikbaar in die 2014 Neem Aksie Pak en op die 16 Dae Veldtog webwerf: http://16dayscwgl.rutgers.edu.

<Afsluiting>
Sluit in kontakinligting en skakels na webwerwe. Byvoorbeeld, jy kan skryf: "Vir meer inligting, kontak of besoek..."

###

PERSVRYSTELLING

Vir Onmiddellike Vrystelling

Die 16 Dae Veldtog sluit aan by Aktiviste van Regoor die Wêreld

New Brunswick, NJ, 21 November 2013 – Op 25 November 2013 loods die 'Center for Women's Global Leadership (CWGL)' by Rutgers Universiteit die 23ste jaarlikse 16 Dae van Aktivisme Teen Geslagsgebaseerde Geweld Veldtog. CWGL sal aansluit by duisende aktiviste van regoor die wêreld in 'n oproep vir 'n einde aan geslagsgebaseerde geweld, en vir meer daadwerklike reaksie van regerings om te beskerm teen geslagsgebaseerde geweld en dit te voorkom. Vele geleenthede word beplan vir die 16 Dae Veldtog. Deelnemende organisasies sluit in: Mesa Local contra la Violencia de Género de San Isidro (Argentinië); Women's Aid (Ierland); National Center Against Violence (Mongolië); YUWA (Nepal); Vuk'uWazi Institute for Social Change (Suid-Afrika); en Kenaz - Desarrollo de Proyectos Sociales (Spanje), en vele ander.

Simbolies gekies om te beklemtoon dat geslagsgebaseerde geweld 'n menseregteskending is, word die 16 Dae Veldtog geloods op die Internasionale Dag vir die Eliminering van Geweld Teen Vroue (25 November) en sluit af op Internasionale Menseregtedag (10 Desember). Die Veldtog tema, **"Van Vrede in die Huis tot Vrede in die Wêreld*: Staan op teen Militarisme en Eindig Geweld Teen Vroue!"*** beklemtoon die kruispunte tussen geslagsgebaseerde geweld en militarisme, asook die verwante kwessies van ekonomiese en sosiale regte van vroue en hulle gemeenskappe.

Aangesien militarisme voortduur as 'n kernoorsprong van geslagsgebaseerde geweld, met nadelige nagevolge vir die veiligheid en sekuriteit van vroue, mans en kinders, is CWGL betrokke by 16 Dae Veldtog deelnemers om op te staan teen die normalisering van militarisme en sosio-ekonomiese strukture wat geslagsgebaseerde geweld laat voortduur. Die Veldtog erken dat geweldadige manlikheid, skadelike tradisies en wettige beleide help om geslagsgebaseerde geweld en straflosheid te normaliseer. Die impak van militarisme kan gesien word in die wyse waarop militêre begrotings en oorlog ondersteun word, terwyl die daaglikse lewens van vroue, kinders en mans geïgnoreer en hulle sosiale, politieke en ekonomiese regte ontken word – en hulle word aangeval of doodgemaak as hulle opstaan vir hierdie regte.

"Geslagsgebaseerde geweld en militarisme is diep onderling verbind met ekonomiese en sosiale regte. Dit is nie genoeg om net te sê dat ons geslagsgebaseerde geweld moet eindig nie; ekonomiese toegang en sosiale gelykheid is struktureel deel van die volle verwesenliking van die menseregte van alle individue. Wanneer vroue ekonomies bemagtig word en sekuriteit verseker is, sal die wêreld baat" sê Dr. Radhika Balakrishnan, Uitvoerende Direkteur van CWGL, globale koördineerder van die 16 Dae Veldtog.

CWGL hou 'n sosiale media mobiliseringpoging op Twitter en Facebook regdeur die 16 Dae Veldtog, en sal 'n "Question of the Day," aanlyn besprekings oor verskeie aspekte van die Veldtog tema, en ander inligting oor hulpbronne en beplande geleenthede wêreldwyd deel. Volg **@16DaysCampaign** en gebruik **#16days** om deel te neem aan die bespreking.

Daar is geen land en geen samelewing wat nie ge-affekteer word deur geslagsgebaseerde geweld nie, en dit bly die verantwoordelikheid van alle mense om 'n einde te bring aan hierdie menseregteskending. Van Afghanistan tot Zimbabwe is die 16 Dae Veldtog 'n kragtige platform om geslagsgebaseerde geweld te eindig en om die volle verwesenliking van die menseregte van alle individue te bepleit, asook die bereik van geslagsgelykheid.

Vir meer inligting, besoek http://16dayscwgl.rutgers.edu.